

CACHET

GEREFORMEERDE KERK

*30 Mei 2021*



[www.gkcachet.org.za](http://www.gkcachet.org.za)

**Afrikaanse Eredienste**Sondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op  
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

**English Worship Service**Sundays 10:45

In the Church House on the  
NWU Campus, 28 Hoffman Street

**Kerkkantoor**Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;  
079 4949 7360

**Predikant**

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;  
brahmrobinson@gmail.com

**Kontakpersone & Inligting** **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921  
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983  
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**

Schalk Buys – 063 679 7071  
cachetdiakonie@gmail.com

**Koster en Powerpoints:**

Philip Wepener – 083 454 6035  
npwepener@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**

Estmia van der Walt – 078 625 7400  
estmia.hm@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**

Zard Aucamp –  
061 638 5247

**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**

Philip Wepener – 083 454 6035  
npwepener@gmail.com

**Erediens preke en oordenkings:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Bankbesonderhede:**

Gereformeerde Kerk Cachet  
Takkode: 632005  
ABSA-tjekrekening  
Rekeningnommer: 06 7034 0023  
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>





## Joint Service

Ds Brahm Robinson

Scripture reading: Judges 7

Theme: Salvation is from the  
Lord!

Livestreaming:  
[Morning Service](#)

## Aanddiens

Prof Albert Coetsee

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-15

Belydenis: HK So. 32, V&A  
86

Tema: Ons moet bou op die  
gawes wat God ons  
skenk!

Uitsending: [Aanddiens](#)



## Preekskets (Aanddiens)

Wanneer dit kom by ons verlossing, is daar twee gevare in ons denke. Aan die een kant kan ons dink dat God alles van sy kant af doen, en daarom kan ons maar net agteroor sit en wag vir die wederkoms. Aan die ander kant meen sommige dat ons alles van ons kant af moet doen om gered te word - ons moet vir God kies en hard werk en seker maak dat ons genoeg doen. Nie een van die twee is egter reg nie. In 2 Petrus 1 hoor ons:

### ***GOD GEE ONS DIE KOSBAARSTE GAWES (2 Pet 1:3-4)***

Ons Skrifgedeelte begin deur te beskryf wat God alles vir ons deur Christus gedoen het. Christus het ons alles gegee wat ons nodig het om waarlik te lewe en om God te dien. Hy het ons wat dood was in ons sondes en oortredinge, lewend gemaak. Dit noem Petrus "die kosbaarste en allergrootste gawes".

### ***ONS MOET BOU OP DIE GAWES WAT GOD ONS SKENK (2 Pet 1:5-11)***

Ons moet nou alles in die stryd werp om ons geloof te verryk. Ons mag nie passief wees nie. Ons moet bou op die gawes wat God ons gegee het! Hieruit is dit duidelik dat die gawes wat die Here gee én ons verantwoordelikheid om daarop te bou, ten nouste aan mekaar verbind is. Dit gaan hand aan hand. Ja, God gee alles, maar ons moet daarop reageer. Óns het die verantwoordelikheid om met geloof en gehoorsaamheid te antwoord op God se roepstem. Ons geloof moet in dade oorgaan.

## gedagte vir die week



Bo al die gode en godeprag  
troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense of lyne.  
Die aard se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand;  
die hoë berg daarbo is syne.

Psalm 95:2 (Totius)

CACHET

### Lief en Leed:

† Ons dink aan almal wat geraak word deur die nuwe vlaag  
Covid-19 infeksies in Potch (Ps. 91:5-6, 9-10). Dra asseblief  
julle maskers en bly veilig!




### Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

**Oggend 1ste kollekte:**  
Ramings

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Ramings  
(deponeer elke kollekte apart)

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

**Aand 2de kollekte:**  
Teologiese Studentekas

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Teologiese Studentekas  
(deponeer elke kollekte apart)

**Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:**

Snapscan vir maandelikse bydraes:



<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening  
0670340023  
Takkode: 335138  
Verwysing: Naam, van en wyk

**VERJAARSDAE:**

28 Mei	Archelle Meyburgh	29 Mei	Louwrie Gerber
30 Mei	René Boshoff	31 Mei	Joke Klut
1 Junie	Zelmari van Jaarsveld	3 Junie	Danielle van Loggerenberg



*Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...*

*Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!*

*Laat alle vlees vir ewig en altyd*

*sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid.*

*Psalm 145:12*

# Administratief



## 1. Attestate

**Ontvang:** Elrien Pretorius vanaf *GK Waterberg*

### **Vertrek:**

- Francois Venter na *GK Pietersburg*
- Shani le Roux na *GK Rooihuiskraal*
- AJ van der Walt na *GK Magol*
- Dian Bovill na *GK Laeveld*
- Mareli Joubert na *GK Pretoria-Annlin*
- Morkel Johl na *GK Centurion*

**Met reis-attestaat:** Carla Coetzee na *GK Heidelberg*

## 2. Ampsdraers

Die volgende broeders word aan die gemeente ter approbasie voorgehou om in die amp van diakens te word: Petrus Vorster, Daniël Erasmus, Nico Snyman, Stephan Oosthuysen en Pierre Labuschagne.

## 3. Cachet verjaarsdag vieringe

Cachet word DV op Donderdag 17 Junie 50 jaar oud! Ons gaan dit vier deur 'n lofsangaand. Die PUK-koor kom vir ons sing en ons gaan lekker sop en sjerrie rondom "bonfires" buite die GS. Die gedenkblad gaan ook dan bekendgestel word. Knoop solank die datum in jou oor!







## To the Reformed Church Cachet

Greetings in Christ,

First of all, I would like to thank God for you that you decided to call me, seeing me as a person whom you can walk with on the journey to His glory. You wanted to be and do more for Him and you have invited me to join you. Thank you.

I, Sang Eun (Noah) Kim, hereby inform you that it would be a honour to worship and serve God with you as a minister of the Word and most importantly as a fellow believer in Christ. As we all know, we do all things to glorify Him. I hope and pray to God that He would continue to have mercy on us to glorify Him as we seek together to do Missio Dei for us and the communities around. Please continue to pray for me as I prepare for a closure in Rustenburg and a new beginning in Potchefstroom. You are in my prayers.

God bless you all and I am looking forward to seeing you soon.

Love in Christ

**Noah Kim**



## Fondsinsameling: Cachet Bouprojek

Liewe gemeente,

Ons wil graag ons GS klaar bou deur die gedeelte agter die preekstoel uit te breek. Die spasie sal sodonde verdubbel word. Dit behoort ongeveer R350 000 te kos. Hoewel dit na baie klink, vertaal dit na R200 per lidmaat per maand vir die volgende vyf maande. (Moet asseblief nie dat dit jou bydraes afskeep nie.)

Ons vra elke lidmaat om ons asseblief hierin te ondersteun. As elkeen sy deeltjie doen is dit eenvoudig. Ons besef dat dit nie altyd moontlik is vir studente nie, maar vra daarom asseblief vir die oom of tannie wat altyd graag help. Hulle kan gerus ook meer gee, aangesien ons ook nog die binnekant moet afrond waarvoor daar nog nie begroot is nie.

Die rekening vir die boufonds is die volgende:

**Filadelphia**

**ABSA Tjekrekening**

**679230085**

**Tak 632005**





## CACHET 50 JAAR FEES BYBELSTUDIE UITDAGING

# Jubeljaar

Ter feesviering van 50 jaar se genade uit die Here se hand in Cachet, loods ons 'n uitdaging om 'n 50-dag Bybelstudie 50 dae voor Cachet se verjaarsdagdatum te volg.

**29 APR - 17 JUN**

### TEMA:

Jubeljaar

### INHOUD:

Daaglikse skakels na oordenkings, psalms, woordstudies, sosio-historiese konsepte, artikels, potgooie, video's en praktiese vrae.

**SLEGS 5-10 MIN / DAG**

Skakel: [Cachet50jubeljaar](https://cachet50jubeljaar.com)

# Cachet Bybelstudies

**MAANDAG 18:00**  
Gemeentesentrum  
**Psalms**  
Barend & Philip

**DINSDAG 18:00**  
Gemeentesentrum  
**1 Petrus**  
Johan & ID

**WOENSDAG 07:00**  
Bezuidenhout straat 5  
**Eksodus**  
Brahm

**WOENSDAG 18:00**  
Venterstraat 5 (Die Hawe)  
**Priesteramp**  
Theuns

**DONDERDAG 18:00**  
Google Meet  
**Daniël & Aktuele temas**  
Albert

**DONDERDAG 19:00**  
Gemeentesentrum  
**Amos**  
Riaan



Bybelstudie:

Amp van die  
Priester

Woensdae  
18:00

@ Die Hawe

Theuns: 072 151 9185



## Bybelstudie aanbieders se kontakbesonderhede:

*Psalms*

Barend: 079 337 8148

Philip: 083 454 6035

*1 Petrus*

Johan: 078 893 5317

*Eksodus*

Ds Brahm: 064 656 1374

*Amp van die Priester*

Theuns: 072 151 9185

*Daniël en aktuele tema's*

Prof Albert: 084 577 1777

*Amos*

Riaan: 082 529 2969



GEMEENTESENTRUM (GS)

# *Cachet Gebedsgroep*

DONDERDAE 17:00  
VIR MEER INLICHTING KONTAK  
JOHAN WILLEMSE (0788935317)

# **ACTION CRICKET**

**VRYDAG 28 MEI**

**17:00**

**SWEETPARK**

**KONTAK BRAHM**

**INDIEN JY SAAM**


**WIL SPEEL.**

**064 656 1374**



IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

## GK CACHET FONDSINSAMELING



## STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK -  
DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

# Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle geplaas word en kan dan betaal en afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word, so kom loer gerus!



Water R10




Stickers R10



Koppies R70



Sleutelhouers R15



## Nuus vanaf Admin Buro



### Beroep aanvaar:

Ds Noah Kim van GK Rustenburg na GK Cachet (met finansiële ondersteuning van gemeentes in Suid Korea) met evangelisasie opdrag vir die Engelssprekende studente op Die Bult en die kampus.

### Beroep bedank:

Ds Henning Venter van GK Windhoek na GK Boksburg



Vrydagaand 28 Mei 2021

Kom koop hamburgers (R25) en  
pannekoek (R5) by GK Sentraal

Bestel by oom Pieter  
018 294 4600

## OOSDOPPERFEES WEER EINDE MEI

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos is fluks besig met die reëlings vir die jaarlikse Oosdopperfees wat op Saterdag, 29 Mei 2021 plaasvind by Parysstraat.

Ons gewilde wors en kwaliteit maalvleis sal verkoop word, asook die groot trekpleisters vir kinders, die Grilgrot en ander kinderaktiwiteite. Diereliefhebbers kan gerus kom deelneem aan die gewilde troeteldierskou met groot pryse om te wen. Skryf gerus in (p. 19).

Ondersteun gerus ook ons Boeke-Oase. Nog enkele stalletjies is beskikbaar vir uitstallers en uitstallers word uitgenooi om saam die dag te kom bywoon. Uitstalkoste R150. Skakel vir Adele by die kerkkantoor 018 290 7690 of 082 532 8658 om jou stalletjie te bespreek.

Seënwense

Adele Delpont



# OOSDOPPERFEES

## 29 Mei 2021

Kom vier fees saam met ons op  
**29 Mei 2021, Gereformeerde Kerk,  
Potchefstroom-Oos, Paryslaan**

Vleisverkope | Uitgesoekte uitstallers |  
Grilgrot | BoekeOase | Troeteldierskou

### Program vir die dag

- 09:00**      **Opening**
- 08:00**      **Boere-ontbyt en Pannekoek,  
Vleisverkope, Handelshuis, Kos- en  
ander Stalletjies**
- 12:00**      **Troeteldierskou – met groot  
pryse om te wen**





## Oosdopperfees 29 Mei 2021

### Troeteldierskou Inskrywingsvorm



Geref.Kerk Potchefstroom-Oos; Parysplaan Bailliepark 12:00 (29 Mei)

Inskrywingsfooi per kategorie: R20

**Naam van eienaar:** .....

**Naam van troeteldier:**.....

**Katogorieë:**

- 1. Besgekleede troeteldier
- 2. Besversorgde troeteldier
- 3. Gehoorsaamste troeteldier
- 4. Lelikste troeteldier
- 5. Baas en troeteldier "look-alike"
- 6. Oulikste troeteldier


**Kontakpersoon:**

---

## Die jongste Saaier is hier!

Liewe Medewerker,

Ons nader die middel van 2021 en dit is met diepe dankbaarheid dat ek terugvoer gee oor die belangrike werk wat die Bybelgenootskap gedoen het om die Woord van God te versprei. Dit alles ten spyte van die beperkings wat Covid-19 nog steeds noodsaak.

In die winter uitgawe van *Die Saaier* brei ons meer uit oor ons werksaamhede van die afgelope paar maande. Daar is verskeie inspirerende stories van mense wat 'n passie vir Bybelverspreiding het, asook hul pogings om hierdie wonderlike boek met ander te deel. Ons deel ook in die vreugde van 'n aantal taalgroepe wat, danksy die voltooiing van vertalings van Bybels en Bybelgedeeltes in hulle betrokke tale, nou ook toegang tot God se Woord het.

Ons *Oorsig*, 'n opsomming van die Bybelgenootskap se werksaamhede en ander mylpale wat in 2020 behaal is, is ook by hierdie e-pos ingesluit.

Ek vertrou dat jy dit sal geniet om hierdie publikasies te lees en dat jy bemoedig en geïnspireer sal word deur alles wat daar vermag is. Die voortgaande werk sou egter nie moontlik gewees het sonder ons medewerkers, soos jy, se onwrikbare ondersteuning van die Bybelgenootskap en sy visie van 'n Bybel vir almal nie.

In diens van sy Woord

**Dirk Gevers**

Uitvoerende Hoof

Die Saaier Winter 2021

Oorsig 2020

# GK Cachet Kalender: Mei 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					
<b>Gemeen- skaplike ere- diens (@ 10:00)</b>						